Project name: AL3283

Date of interview: 5 October 2009

Location of interview: Centurion, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 9 minutes 1 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: Director Henk Heslinga

Name of translator (if any): De Wet Potgieter

Name of transcriber:

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_HESLINGAHENK_20091005_3

| | |
|---|---|
| De Wet | Ek sit hier saam met direkteur Henk Heslinga, voormalige hoof van Pretoriase se moord-en-roofafdeling. Dit is Maandag 5 Oktober 2009 en toevallig is dit vandag presies 15 jaar gelede dat die voormalige moderators van die NG Kerk, professor Johan Heyns, in sy huis in Waterkloof deur 'n sluipmoordenaar doodgeskiet is. Nou daar is nog baie vrae rondom die sluipmoord, of dit 'n politieke moord was of nie, want tot dusver is nog niemand in hegtenis geneem of voor die hof gedaag vir die moord nie.<br>So die moord is steeds onopgelos.<br>Nou Henk kan jy ons vertel van die omvang van die ondersoek en was daar politieke motiewe enb hoekom is daar nooit iemand gevang nie. |
| Henk | Ja nou, presies 15 jaar gelede omtrent net na agt die aand is ek deur radiobeheer van die moord op prof. Heyns in kennis gestel. Met my aankoms daar het ek sy liggaam aangetref in die sitkkamer voor die TV-stel. Hy is in die agterkop geskiet die koeël is dwarsdeur sy kop deur sy neus en sy oë uit en teen die TV-skerm weggespat en ons het en ons het die koeëlpunt, die koeëlmantel gesoek, maar ons kon dit nie kry nie.<br>Ek het toe vasgestel van mev. Heyns dat sy en haar twee kleinkinders het daar in die sitkamer gesit en 'n minuuut of wat |

| | |
|---|---|
| | voor dit die agtuur nuus was het prof. Johan Heyns in die sitkamer ingekom en in sy stoel waar hy altyd gaan sit het hulle die TV oorgeskakel na die nuus en hy het gesit en nuus kyk soos hy dit elke aand doen.<br>Dit is pertinent aan my gesê dat dit sy gewoonte was. Hy het uit sy studeerkamer langs die sitkamer het hy so paar minute voor agt die sitkamer ingekom in sy stoel gaan sit en dan die nuus gekyk.<br>Ons het toe met die forensiese mense, ballistiese kundiges het ons die trajek gaan vasstel en ons het toe die plek gekry waar die skoot geskiet was. Die sitkamer is 'n betreklike lang vertrek en ons het gevind dat die moordenaar het buite die sitkamer aan die oostekant by die hoek van die huis gestaan en hy het deur die venster deur die gordyne. Die gordyne was sunfilter jy kon deur die gordyne sien, het hy deur die venster, het hy deur deur die gordyne het hy met een skoot, het hy vir prof. Johan Henyns in die agterkop geskiet.<br>Ons het hare gekry op die bakstene daar waar die moordenaar gestaan het en ons het geen doppie gekry nie, maar ons het gevind dat dit 'n 303-geweer was wat gebruik was en dat daar nie doppies uitgeskiet word nie.<br>Die volgende oggend vroeg is ek na die toneel toe en toe ek die gordyne ooptrek sodat daar meer lig in die vertrek is date k dit verder kon ondersoek toe val die koeëlmantel bo van die gordyn af en toe vind ons dat die koeëlmantel is oorspronklik van 'n 303-geweer. My bevinding was en wat ek regdeur my ondersoek na die Heyns-moord gesê het was die person wat die moordenaar was het prof. Johan Heyns se bewegings geken, het die tuin geken, want die tuins is 'n moeilike tuin. Veral in die donker as jy nie die tuin ken nie. Hy is vol kliptrappies, beddings en vol rantjies, en so aan.<br>En as jy nie daai omgewing ken nie, om daar in die donker te loop sal jy baie sukkel want die huis is so half teen 'n kliprantjie gebou en ek bly steeds met my bevindings.<br>Die persoon wat vir prof. Johan Heyns geskiet het, het presies geweet hy kom elke aand voor nuus en gaan sit in sy stoel. Hy het reeds van lank voor dit bepaal van waar hy prof. Johan Heyns wil skiet en wat hy ook gedoen het.<br>Die persoon het Guy Fawkes-aand glo ek uitgekies omdat daar in die omgewing crackers geskiet word wat die skoot van die geweer bietjie sal demp.<br>Ons het natuurlik alles gedink. Of dit 'n regse politieke moord is of dit uit die regse geledere, of dit uit die destydse struggle, die ANC uit kom.<br>Met die prof. Johan Heyns se begrafnis het ons video-opnames geneem van al die begrafnisgangers en ons het dit later teruggespeel maar al die persone is geïdentifiseer. Ons kon geen leidraad om daai, ons het inligting ontvang dat 'n sekere |

| | |
|---|---|
| | dominee Gouws en sy vrou het in 'n kothuis onder die huis van prof. Heyns gebly en dat daar was 'n seksuele verhouding tussen prof. Johan Heyns en die dominee Gouws se vrou.<br>Sy was ook 'n predikant gewees en sy was ook verbond aan die kerkraad waar prof. Johan Heyns ook was en dat dit vermoed word da thy die moord kon gepleeg het en da thy die motiewe gehad het om prof. Jhan Heyns, hy was ook 'n lid van die weermag gewees en volgens die vuurwapenregistrasie ook 'n 303 jaggeweer op sy naam gehad.<br>Ons het hom toe gaan sien. Ons het hare van sy hareborsel gekry. Ons het dit gaan vergelyk, dit was negatief. Ons het sy geweer ballisties laat ondersoek dit was negatief. Ons het hom ondervra. Hy het erken dat hy daar gebly het en die saak van die verhouding was deur hom ontken en daar was hoegenaamd geen redes om hom verder te ondervra nie of enigsins aan te hou as 'n verdagte in die Heyns-moordsaak nie.<br>Op 'n stadium is ek weggeneem as bevelvoerder van die dossier af. Ek is weggeneem deur brig. Victor wat destyds die afdelings-speuroffisier was en was opdrag gegee date k nie insae in die dossier verder mag hê nie.<br>Luitenant-kol. Hendrik Viljoen het die ondersoek oorgeneem en daar was 'n lid van die ou veiligheidstak was by kol. Viljoen geplaas om hom te help met die ondersoek. Ek dink hy was destyds maj. Lucas Ras.<br>En van daar af het ek tred verloor. Ek het wel 'n onderhoud toegestaan aan 'n verslaggeefster oor die bewerings dat Heyns 'n buite-egtelike verhouding gehad het en ek het die inligting bekend gemaak wat deel was van die dossier wat in die koerante was en wat sy seun so drie weke later erken het in die koerant dat die bewerings is waar.<br>Ek is vandaar af hoofkantoor toe verplaas en ek het toe verder niks meer met die ondersoek te doene gehad nie.<br>Ek weet dat Kaalvoet Thysie destyds, 'n verregse verdink word en dat verregse organisasies verdink word omdat hulle gereken het dat prof. Johan Heyns het linkse idees, linkse gedagtes, maar daar was nooit konkrete bewyse gewees nie.<br>My mening nog steeds is dat die person wat vir Heyns geskiet het presies sy doen en late geweet het. Het die omgewing geken, het presies sy moordposisie vanwaar hy die moord gepleeg het, geken en dat daar persoonlike redes was om prof. Johan Heyns te geskiet het want destyds was die verregse organisasies van Suid-Afrika die mees geïnfiltreerde organisasies deur die Suid-Afrikaanse polisie se veiligheidstak en nêrens het daar enige getuienis of bewyse gekom dat enige verregse organisasie betrokke was nie.<br>Wat my vermoede nog verder bevestig is dat die tyd met amnestie voor die Waarheidskommissie het daar geen verregse organisasie of enige lid van 'n verregse organisasie manestie |

| | |
|---|---|
| | kom vra oor die moord op prof. Johan Heyns nie.<br>Indien dit sou gebeur sou dit die toppunt van amnestie gewees het en daar het niemand enige skuld erken en kom amnestie vra nie.<br>Dit is my persoonlike mening en ek bly by my mening |